# HMK

## Info-aande

4, 5, 6 Maart 2024

18:30

# Inhoudsopgawe

## Brief van die hoof

mnr. Klaus König

## Hoekom Helpmekaar?

## Akademie

## Buitemuurse Aktwiteite

Sport, Kultuur, Sosiaal + Klubs

## Logistiek

Tegnologie, Kommunikasie, Vervoer

## Beplanning

Ja vir Helpies! Wat nou?
Jaarprogram 2025

## Skoolgeld

# Voornemende Helpie van 2024

Ons lewe in ‘n vinnig veranderende wêreld. Die uitdaging deesdae is om ons kinders sodanig te posisioneer dat hulle oor 10 jaar ‘n voorsprong in die lewe kan hê.

## Wat moet Helpmekaar in plek hê met dié doel in gedagte?

Om eendag suksesvol te kan wees moet ons kinders nou al sekere vaardighede aanleer:

- Die vermoë om hulself na waarde te skat en sodanig puik mensvaardighede aan te leer.
- Die vermoë om hard te werk en om die tempo te kan hanteer.
- Die vermoë om krities en onderskeidend te kan dink.
- Die vermoë om goeie interpersoonlike verhoudings te kan bou en om goed met ander mense te kan saamwerk – om dus puik wêreldburgers te kan wees.
- Die vermoë om probleme en leemtes te identifiseer en dan ‘n plan te maak.
- Goeie kommunikasievermoëns (praat, lees en skryf).

Om hierdie besondere vaardighede te ontwikkel, is dit noodsaaklik om in ‘n assesseringstelsel (IEB) te wees wat primêr denkvaardighede toets. Daarmee saam, moet daar onderwysers wees wat vakspesialiste is en lief is vir kinders.

Ons sien uit daarna om die volgende 5 jaar deel van jou kind se volwasse-wording (op alle terreine) te wees en te help om hom/haar voor te berei vir die uitdagings van die toekoms.

Groete

Klaus König

Skoolhoof



# Hoekom Helpmekaar?

## Helpmekaar waarborg:

- Klein klasse (20 of minder) en deurlopende persoonlike aandag - dus interaktiewe onderrig.
- 'n Geloofwaardige IEB-eksamen wat al die groot privaat skole skryf.
- ‘n Gemaklike, gemotiveerde en gedissiplineerde werksomgewing en akademiese kultuur.
- Puik akademiese uitslae. (Sien artikel op die laaste bladsy.)
- Geen tydvermorsing nie – graad 8’s begin dadelik voorberei met die oog op hul graad 12-eindeksamen; versnelling en verryking is ook ‘n gegewe.
- Ons help ELKE kind om sy / haar volle potensiaal te ontwikkel en te bereik en maak plek vir elkeen.
- Toppersoneel vanaf graad 8, d.w.s. vakspesialiste wat die wêreldkurrikulum verstaan.
- Busse wat leerlinge daagliks vervoer vanaf al die windrigtings in Sentraal-Gauteng – van en na Helpmekaar.
- Koshuisinwoning waar leerlinge onder veilige en geborge omstandighede kan woon en studeer.
- Allerlei buite-kurrikulêre aktiwiteite wat spog met uitstekende uitslae.
- Afrikaans is ons onderrigtaal. Alle terminologie word ook in Engels gegee en tweetaligheid in vraestelle word bevorder.
- Duits, Frans of Spaans kan tot Graad 12 as akademiese vak geneem word.
- Vanaf Graad 10 kan Helpies 7 akademiese vakke + LO  tydens skoolure op hul rooster inpas.

# Hoekom Helpmekaar?

## Die IEB-eksamen

- is die onafhanklike Eksamenraad se eksamen.
- is onderhewig aan streng moderering en assessering.
- maak gebruik van hoë kwaliteit eksaminatore en nasieners.
- se uitslae reflekteer die ontwikkelingsvlak van leerlinge.
- berei leerlinge voor vir tersiêre studies.
- fokus hoofsaaklik op die assessering van denkvaardighede, dus onderrig ons hiervolgens.

## En ook ...

- Di Hub
- Kinderleiding :
  Opvoedkundige berader, opvoedkundige sielkundige, Akademiese ondersteuning en 'n Leefstylafrigter om te begelei, emosioneel te ondersteun, vakkeuses te verfyn en studie-en loopbaanbeplanning te doen.

## DUS:

✓ PROAKTIEF
✓ OUTENTIEK

JOU VOORSPRONG VIR EENDAG

# Akademie

Alle nuwe graad 8-Helpies doen diagnostiese basislyntoetse in Januarie, sodat ons vroegtydig spesiale behoeftes en vermoëns kan identifiseer en hanteer.

## Vakkeuses lyk soos volg:

## Graad 8

*Verpligte eksamenvakke*

A:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis

B:

- Rekeningkunde
- Visuele Kunste
- Ingenieursgrafika & -ontwerp (IGO)

# Graad 8

## *Addisionele keusevakke*

- Spaans / Frans / Duits
- Musiek (Slegs indien Graad 1-teorie reeds afgehandel is.

## *Verrykingsvakke*

- Kreatiwiteit
- Fisieke Opvoeding
- Kommunikasie
  (die boonste drie slegs as nie 'n 3de taal neem nie.)
- Hub-lesse
- Lees




# Graad 9

*Dieselfde eksamenvakke as in Afdeling A van Graad 8, asook keusevakke*

- Rekeningkunde
- Besigheidstudies
- Visuele Kunste
- Spaans / Frans / Duits
- Dramatiese Kunste
- Musiek
- IGO
- IT

*Verrykingsvakke*

- Fisieke Opvoeding
- DI Hub
- Aanlyn verryking



# Graad 10, 11 en 12

## Eksamenvakke: Ten minste 7 vakke verpligtend

- Afrikaans Huistaal
- Engels Huistaal of Eerste Addisionele Taal
- Lewensoriëntering
- Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid

## PLUS 3 van die volgende:

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis
- Ingenieursgrafika & -ontwerp (IGO)
- Inligtingstegnologie (IT)
- Lewenswetenskappe
- Rekenaartoepassingstegnologie (CAT)
- Rekeningkunde
- Spaans/ Frans/ Duits
- Sport- en Oefenkunde
- Toerisme
- Visuele Kunste

*Waar moontlik, word leerlinge die geleentheid gebied en aangemoedig om aan verrykende assesseringsaktiwiteite soos SAT's (toelatingseksamens vir internasionale universiteite) en Olimpiades deel te neem.*

**Ekstra vakke wat nie deel van die verpligte 7 vakke mag wees nie:**

- Verdere studies Wiskunde
- Verdere studies Engels
- Verdere studies Fisika
- Verdere studies Chemie

# Buitemuurse Aktiwiteite

- Atletiek
- Avontuursport
- Basketbal (seuns en dogters)
- Boogskiet
- Duik
- Gholf
- Hengel
- Hokkie (seuns en dogters)
- Jukskei
- Krieket
- LAN (E-sport)
- Landloop
- Muurbal (seuns en dogters)
- Netbal
- Oriëntering
- Padfiets en Bergfiets
- Robotix
- Rotsklim
- Rugby en Sevens-rugby
- Ruitersport
- Skaak
- Skyfskiet
- Swem
- Tennis (seuns en dogters)





## Sport




- Algemene Kennis-vasvra
- ATKV- Debat
- ATKV- Redenaarskompetisie
- Debat
- Dink of Sink-redenaars/debat
- Helpie-Flitse
- Interne redenaars (Afrikaans en Engels: deelname verpligtend)
- KKK-Kunstefees
- Koor
- Kultuur-, Musiekaande en Arte Della Musica
- Kunsuitstalling
- Oppitong-redenaars
- Orators (ontwikkel selfvertroue vir openbare optredes)
- Orkes
- Produksie (deelname verpligtend)
- Speech Guild
- Radikale redenaars
- Spraakgilde
- Tienertoneel (ATKV/Reza-fees, Pronkpodium en FAK)
- *Time Out* (aanbidding & geestelike verryking)
- Toneelkompetisie

- *Beauty & the Beast*
- *Bike Run*
- Expo's
- Fiëstakonsert (spoggeleentheid vir Kuns en Kultuur )
- Fotografieklub
- Geesvang
- Gemeenskapsdiens/uitreik
- Gholfdag
- Groenklub (vir natuurliefhebbers)
- Kersprogram
- Klank en beligting
- Kondisioneringsentrum
- Kunsklub
- Matriekafskeid
- Modeparade
- Noodhulp
- Toer na die buiteland gedurende die Aug-vakansie o.l.v. mnr. König
- Oorsese sporttoere
- Uitruilstudente
- Valentynsweek & -bal



# Buite-aktiwiteite

Verskeie buite-aktiwiteite waaraan leerlinge bv. in klubverband deelneem, word deur die skool erken deur 'n balkie-toekenning.

# Huise

Helpies kompeteer teen mekaar in "huise" wat vernoem is na die drie strate wat die skool omring: Empire, Melle en Smuts.




# SPORTHUISE

Drie strome wat saamvloei: geel, wit en bruin, mond uit aan die voet van die Helpie-**hartskruin**. Al is die mededinging straf en kan net een koning kraai tussen Empire, Smuts en Melle, deel ons ná sweet en stryd altyd die beker as pelle.

# *Logistiek*

## Tegnologie

- Vyf rekenaarsentrums plus DI Hub is met internettoegang toegerus en is toeganklik  vir leerders om ná skool opdragte te doen.
- ‘n Toegeruste biblioteek waar leerlinge boeke kan uitneem, ná skool kan sit en lees, sowel as navorsing doen.



# Logistiek

## Kommunikasie

### Helpmekaar 24

Die "toep" wat na die webtuiste www.helpmekaar24.co.za lei, gee insae in die skool se daaglikse program (busroetes, daaglikse afkondigings, tydrooster en die weekprogram.)

### Nuusbriewe

Nuusbriewe word weekliks per *WhatsApp*-Nuusflitse aan ouers gestuur op ouergroepe. Die week se program en belangrike inligting word op hierdie wyse deurgegee.

### Ouer-inligtingsaande

Gedurende die termyn word ouer-inligtingsaande gereël waar inligting gegee word en die personeel kans kry om die ouers te ontmoet.

### WhatsApp-Nuusflitsgroepe

Elke graad se ouers word op 'n *WhatsApp*-Nuusflitsgroep geplaas, waarop dringende kommunikasie deur ons kommunikasiebestuurder aan u deurgegee word.

## *Webtuiste*

www.helpmekaar.co.za

## *Adam*

Dit is die skool se interaktiewe datastelsel wat ouers kan gebruik om kinders se akademiese vordering, buite-kurrikulêre betrokkenheid en dissiplinêre rekord na te gaan.

## *E-skool*

Dit is die skool se interaktiewe webstelsel waar leerders huiswerk en verrykingswerk kan kry. Akademiese beplanning vir alle vakke sal ook op dié stelsel gelaai word.



# Logistiek

## Vervoer

- Meer as 85% van ons leerders maak van ons busvervoerstelsel gebruik.
- Ons doel is om ons leerders so bekostigbaar, veilig en vinnig as moontlik ná en van die skool te vervoer. Roetes en oplaai- en aflaaipunte word bepaal na gelang van die behoeftes van die meeste leerders.
- Busse vertrek Maandae tot Donderdae om 15:15 ná sport- en kultuuroefeninge. Vrydae vertrek die busse direk na skool, dus om 14:15. Tydens eksamens vertrek busse ná die skryf van die laaste vraestel.
- Busvervoer se koste vir 2023 word bereken vir die volle jaar (185 dae) en dan deur 11 maande gedeel om verwarring van kostes te voorkom.



# Beplanning

## Ja vir Helpies!  Wat nou?

- Reël 'n onderhoud met die skoolhoof – kontak Lunette Steenekamp vir 'n afspraak: Tel: (011) 339 2226/7 of e-pos lunette.steenekamp@helpmekaar.co.za

- Jy word ook uitgenooi om ons PRODUKSIE by te woon op Woensdag 2 Augustus. (Dit is die groot "konsert" waaraan al die Helpies deelneem.)

- Vakkeuses in September : English Home Language of English First Additional Language en kies van 'n derde taal, naamlik Duits, Frans of Spaans.

- Tydens ons KENMEKAAR op Vrydag, 25 Oktober, gaan jy jou matriek- buddy ontmoet. Hy/sy sal jou kontak en al die inligting deurgee.

# Jaarprogram 2025

## TERMYN 1

- **13 Jan:** Skool begin vir Welpies en Matrieks
- **15 Jan:** Skool begin vir Gr. 9, 10 en 11
- **24 Feb:** Reses
- **21 Mrt:** Studiedag
- **24 Mrt:** Eksamen begin
- **28 Mrt:** Eksamen eindig. Skool sluit vir vakansie.

## TERMYN 2

- **14 Apr:** Skool begin na vakansie
- **1 Mei** Werkersdag
- **2 Mei** Skoolvakansiedag
- **6 Jun:** Studiedag
- **7 Jun:** Eksamen begin
- **4 Jul** Eksamen eindig. Skool sluit vir reses.
- **14 Jul** Skool begin na reses.
- **28 Jul** Produksie: Kleedrepetisie
- **30 Jul** Produksie: Vertoning 1
- **31 Jul** Produksie: Vertoning 2
- **1 Aug** Produksie: Vertoning 3

  Skool sluit vir vakansie.
- **27 - 29 Aug** Lenteskool vir Matrieks

## TERMYN 3

- **1 Sep** Skool begin na vakansie
- **15 Okt** Matriekgraduering
- **16 Okt** Skool sluit vir reses
- **21 Okt** Skool begin na reses
- **31 Okt** Crazy Friday + Kenmekaar
- **1 Nov** Eksamen begin
- **26 Nov** Eksamen eindig
- **27 Nov- 1 Des** Graadtoere
- **2 Des** Promosie-vergadering
- **2 Des** Rapporte elektronies beskikbaar

# Skoolgeld

Skoolgeld en koshuisgeld word jaarliks verhoog. Die begroting word gefinaliseer en goedgekeur tydens Oktober 2024 en ouers sal verwittig word daarvan.  Hieronder is 'n uiteensetting van die huidige skoolfonds, asook tipe kortings wat toegestaan word, wat u as raamwerk kan gebruik:

## 2024

Helpmekaar was verlede jaar in die bevoorregte posisie om die skoolfonds vir 2024 met SLEGS 5%  te verhoog  -  dus ónder die inflasiekoers. Skoolfonds 2024 = R 97 020

## Betaalmetodes:

- *Eenmalig:* R92 200 - voor 31 Januarie 2024.
- *Per Termyn:* 3 x R31 500 (betaalbaar tydens eerste week van elke termyn).
- *Per maand:* *11 x* R8 820 (Januarie tot November).

Ouers met meer as een kind in Helpmekaar kwalifiseer vir die volgende skoolgelde :

- *2de kind - R87 230 (R7 930x 11 mnde).*
- *3de kind - R77 550 (R7 050 x 11 mnde).*
- *4de kind - R72 765 (R6 615 x 11 mnde).*

## Instandhoudingsfonds

Die direksie versoek dat ouers ‘n bedrag van **R1 000 per kind** tot die Instandhoudingsfonds bydra. Hierdie vrywillige bydrae **kan dien tot ‘n belastingvoordeel** en daar kan, op versoek, ‘n spesiale kwitansie Art18(A)2 van die Inkomstebelastingwet, nr 58 van 1962, aan ouers uitgereik word.

Koshuisgelde vir 2024 beloop **R57 200** en is betaalbaar in 11 paaiemente van R5 200 elk (Jan – Nov).

Let wel dat skoolgelde **nie toere, uitstappies, handboeke en skryfbehoeftes insluit nie.**

## Nuwe Leerders

’n Nie-verhaalbare (eenmalige) inskrywingsfooi van R2 400 **+** die eerste paaiement (Januarie se skoolgeld) is betaalbaar met aanvaarding en inskrywing.



# Artikel

## Hierdie artikel het in *Beeld* verskyn op 18 Januarie 2024

**"MATRIEKSTATISTIEKE SLEGS STUKKIE VAN SKOOL SE SUKSESVERHAAL" – KLAUS KÖNIG**

# Helpmekaar Kollege: Toekomsgerig én -bestand

KOMAAN HELPMEKAAR

Deur Dawid Brand



Ewan Basson



Andries de Kock



Ezaan Husselmann



Christiaan Portwig



Carine Pretorius



Helen Wilson

Helpmekaar Kollege se matrieks van 2023 het opnuut uitstekend in die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se eindeksamen presteer. Al 221 van dié skool in die hartjie van Johannesburg se matrieks het geslaag, met 217 wat vanjaar met graadstudie kan wegspring en vyf met diplomastudie. Dié besonderse groep spog met 805 onderskeidings – 'n gemiddeld van 3.64 onderskeidings per leerder!

Nie minder nie as ses Helpies spog met tien onderskeidings – Ewan Basson, Andries de Kock, Ezaan Husselmann, Christiaan Portwig, Carine Pretorius en Helen Wilson, terwyl nege kandidate – Mieke Burger, Ann Jacobs, Anke Kelbrick, Jos Kotzé, Michelle le Roux, Michael Neuper, Marco Prinsloo, Zack Smit en Divan van Graan – nege A's behaal het. Jos Kotzé het boonop 100% in Wiskunde behaal, terwyl Carine Pretorius met 100% in Verdere Studies Wiskunde op haar rapport spog. Altesaam tien leerders het 8 A's, 23 het 7 A's en 14 het 6 A's ingeoes.

'n Totaal van 187 leerders het minstens een onderskeiding behaal (84,6% van die groep), terwyl 103 matrieks met meer as vier A's kan spog. Altesaam 22% van die groep, oftewel 48 leerders, het sewe of meer onderskeidings behaal, en 28 leerders het 'n voltal onderskeidings behaal.

"Ons is geweldig trots op ons matrieks van 2023," sê Klaus König, skoolhoof. "Dié groep het aan die einde van hul graad 8-jaar in 2019 'n graadgemiddeld van 71% gehad en hul skoolloopbaan met 'n gemiddeld van 79,8% afgesluit."

Wat kernvakke soos Wiskunde, Rekeningkunde en Fisiese Wetenskappe betref, het die harde werk gewis vrug gedra. Die groep het 'n gemiddeld van onderskeidelik 75%, 76% en 79% in dié drie vakke behaal. Van die 81 matrieks wat Duits, Frans, Spaans en English Home Language geneem het, het 54 'n onderskeiding behaal.

Dié skittersyfers is egter slegs 'n stukkie van die Helpmekaar-suksesverhaal, sê König. "Die harde werklikheid is dat skoolverlaters vandag veel meer pyle in hul kokers moet hê as pragtige punte en prestasies. Die nasionale deurvloeisyfer skets jaarliks 'n kommerwekkende prentjie van hoe duisende leerders nie daarin slaag om die tersiêre studiemas op te kom nie. Die maalkolk van onopgeleide werksoekers raak gevolglik al groter en daarom kan matriek(syfers) nooit as 'n wenpaal beskou word nie.

"Daarom is Helpmekaar se holistiese fokus veel meer as net akademie. Dit is om 'n geslag te bemagtig wat standvastig te midde van stormsterk winde kan staan. Wat pleks van blote boekekennis kritiese vrae kan vra, eie denke aan die dag kan lê, die wêreld om hulle kan beoordeel, konteks deurlopend kan peil en hul roepingspad doelgerig kan vind en volg," sê König.

**"Dit is baie maklik om in 'n vinnig veranderende wêreld verstrengel te raak. Oorbluf, onthuts, oorweldig. Dit is óns verantwoordelikheid om positiewe ontwrigters op te rig om in tye van ongenaakbare golwe en onvoorspelbare getye te gedy.**

"Vir Helpmekaar is dit ononderhandelbaar om leerders met pyle toe te rus wat hul teikens toekomsgereed, toekomsgerig én toekomsbestand kan tref. Elke kind se bedrading én bestemming is immers uniek, ongeag uitslae. Eenvormigheid móét plek maak vir eiesoortigheid. Want ook dié een wat sonder 'n onderskeiding sy doelpale verskuif en sy denke verruim het, verdien 'n klop op die skouer."

**221** kandidate


**100%** slaagsyfer

**98%** toelating tot graadstudie

**805** onderskeidings

**3.64** onderskeidings per kandidaat

**81** matrikulante neem Duits, Frans, Spaans of English Home Language en 54 behaal A-simbole





10 onderskeidings = 6
9 onderskeidings = 9
8 onderskeidings = 10
7 onderskeidings = 23
6 onderskeidings = 14
5 onderskeidings = 21
4 onderskeidings = 20

**Numeriese vakke**

| VAK | A-SIMBOLE | B-SIMBOLE | C-SIMBOLE | GEMIDDELD |
|---|---|---|---|---|
| Wiskunde | 69 | 31 | 23 | 75% |
| Rekeningkunde | 19 | 14 | 4 | 76% |
| Fisiese Wetenskappe | 42 | 18 | 8 | 79% |
| Inligtings-tegnologie | 16 | 6 | 8 | 74% |
| Verdere Studies Wiskunde | 34 | 17 | 5 | 80% |

Groepgemiddeld styg met 8,8% van Graad 8 tot 12

**Groepgemiddeld**




**8 ONDERSKEIDINGS**

- Claude Barnes
- Lafras Beukes
- Petri Botha
- Nina Harbron
- Margitte Kirstein
- Aldoné Kok
- Lehan Kruger
- Lydia la Grange
- Zandré Smith
- Lucia Swanepoel

**7 ONDERSKEIDINGS**

- Abigael Barnard
- Jana Burger
- Eduard Buskes
- Reinhardt de Wet
- Ansie du Plessis
- Erin du Plessis
- Wihan Helmbold
- Elizabeth Krüger
- Lucas Kruger
- Timoné Labuschagne
- Pieter Loubser
- Jaco Louw
- Michael McDonald
- Carla Nel
- Luka Oosthuizen
- Stef Pieterse
- Benjamin Shirley
- Anke Smith
- Juan Storm
- Joshua Strydom
- Inge Swart
- Anke van der Merwe
- Josh van Rhyn



Mieke Burger



Ann Jacobs



Anke Kelbrick



Jos Kotzé



Michelle le Roux



Michael Neuper



Marco Prinsloo



Zack Smit



Divan van Graan